# HOOFSTUK 5

# EMPIRIESE ONDERSOEK

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese ondersoek bespreek. Die vraelysmetode word as die mees toepaslike ondersoekmiddel in die uitvoering van hierdie ondersoek beskryf. Ten slotte word aandag gegee aan die begeleidende en opvolgbrief, sowel as die statistiese tegnieke en terugontvangste van die vraelyste.

## 5.2 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek is:

i. Om empiries te bepaal in welke mate persoonlikheidsvoorligting in sekondêre skole in Transvaal tot sy reg kom;

ii. Om op grond van die bevindinge voorstelle te maak ten opsigte van 'n benaderingswyse wat in sekondêre skole geïmplementeer kan word ten einde 'n gesonde persoonlikheidsontwikkeling by leerlinge teweeg te bring.

## 5.3 ENKELE ONDERSOEKMETODES EN KEUSE VAN DIE ONDERSOEKMIDDEL

In paragraaf 5.2 (i) en (ii) is die doel van die empiriese ondersoek geformuleer.

Die mees bruikbare ondersoekmetode wat sou beantwoord aan die geldigheid- en betroubaarheidsvereistes en waarmee die verlangde inligting bekom kan word, moet geïmplementeer word. Daar is dus oorweging geskenk aan:

i. Persoonlike besoeke aan Afrikaansmedium en Dubbelmedium sekondêre skole in Transvaal waartydens onderhoude met Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding gevoer sal word.

ii. 'n Vraelys aan Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding van Afrikaansmedium en Dubbelmedium sekondêre skole in Transvaal.

Daar word nou kortliks op die voor- en nadele van elk van hierdie metodes

ingegaan om tot 'n keuse te kom. Die gekose metode sal meer volledig toegelig word.

### 5.3.1 DIE ONDERHOUD AS EMPIRIESE NAVORSINGSMETODE

In teenstelling met die toevallige gesprek word die onderhoud met 'n duidelik omlynde informatiewe doel gevoer (De Landsheere, 1973:71 en Slavin, 1984: 90).

Dit het ten doel om op gestandaardiseerde wyse inligting te bekom. Alle ondervraagde persone beantwoord dieselfde vrae en kry dieselfde uitleg, almal min of meer onder dieselfde omstandighede. Cohen (1980:241) definieer die navorsingsonderhoud as "a two-person conversation initiated by the interviewer for the specific purpose of obtaining research-relevant information, and focused by him on content specified by research objectives of systematic description, prediction or explanation".

Landman (1980:116) is van mening dat die onderhoud in werklikheid 'n mondelinge en persoonlike toepassing van 'n vraelys op elke lid van 'n steekproef is.

Die onderhoud word beplan om geldige en betroubare inligting te bekom deur response van die proefpersone na aanleiding van 'n reeks gestruktureerde vrae (Mouly, 1978:201 & Vockell, 1983:88).

#### 5.3.1.1 VOORDELE VAN DIE PERSOONLIKE ONDERHOUD

i. Bepaalde response, wat moontlik verkeerd vertolk kon word, kan in die onderhoudsituasie bespreek en geverifieër word (Borg et al., 1979:310).

ii. Die onderhoud gee ook aan die ondersoeker inligting in verband met die respondent se emosies met betrekking tot sekere items (Turney, 1971:135).

iii. Die onderhoud bevorder rapport en moedig die respondent aan om vertroulike inligting te verstrek (Mouly, 1978:202).

iv. Die onderhoud is ideaal vir respondente wat verkies om inligting mondeling oor te dra.

v. Indien 'n vraelys gedurende die onderhoud voltooi word, is die onder-

houdvoerder verseker van honderd persent terugvoering en meer beduidende gevolgtrekkings kan oor die hele populasie gemaak word (Slavin, 1984:92).

vi. Die onderhoud maak 'n diepte ondersoek moontlik.

vii. Dit is geskik om vrae te vra wat nie effektief in 'n veelvuldige keusevorm gestruktureer kan word nie, byvoorbeeld van 'n persoonlike aard.

viii. Dit is soepel aangesien die nodige aanpassings gemaak kan word namate die gesprek vorder.

ix. 'n Ontmoeting en vertrouensverhouding kan geskep word wat daartoe lei dat gegewens bekom kan word wat nie deur die aanwending van 'n vraelys moontlik is nie.

x. Meer akkurate en eerlike antwoorde kan gegee word aangesien sowel die doel as die afsonderlike vrae beter verduidelik kan word.

xi. Opvolgwerk kan dadelik gedoen word deur bykomende vrae te vra.

xii. Motivering waarom sekere antwoorde gegee word, kan makliker geskied (Landman, 1980:116; Vockell, 1983:88-89).

5.3.1.2 NADELE VAN DIE PERSOONLIKE ONDERHOUD

i. Dit is duur en tydrowend (Landman, 1980:116). Om die skole wat in die ondersoek betrek is persoonlik te besoek, sou prakties onuitvoerbaar wees (De Wet, et al., 1981:163).

ii. Volgens Mouly (1978:204) het die onderhoudvoerder 'n invloed op die data en die uiteindelike resultate.

iii. Die anonimiteit van die respondent word in die onderhoudsituasie geskaad, waardeur waardevolle persoonlike menings oor bepaalde sake agterweë sou bly (Steyn, 1977:158).

iv. Indien die onderhoud nie behoorlik gestruktureer word nie, is die versamelde data nie betroubaar nie (De Wet et al., 1981:163).

v. Die onderhoudvoerder moet vaardig wees in onderhoudvoering. Die meeste navorsers beskik nie oor die vaardigheid nie (Borg et al., 1979:313 ; Landman, 1980:117).

vi. Slegs 'n klein aantal persone kan ondervra word.

vii . Die antwoorde wat gegee word, mag blyke gee van bevooroordeeldheid weens sekere gevoelens wat teenoor die onderhoudvoerder gekoester mag word - positief of negatief (Vockell, 1983:87-88).

5.3.2 DIE VRAELYS AS EMPIRIESE NAVORSINGSMETODE

Met 'n opvoedkundige vraelys word feite in verband met onderwysaangeleenthede, didaktiese tegnieke, onderrigmedia asook onderwyspraktyk ingewin (Wiersma, 1969:274).

Soos die naam aandui, bestaan die vraelys uit 'n aantal vrae wat op versoek van die opsteller daarvan, deur ander persone beantwoord moet word. Die beantwoording kan skriftelik of mondelings geskied. Die items in die vraelys vra gewoonlik na feitelike inligting in verband met bepaalde houdings, menings en voorkeure (Hopkins, 1980:130).

Daar is baie besware teen die vraelys as navorsingsmetode, onder andere die feit dat vrae gestel word vanuit die standpunt van die ondersoeker. Respondente gee op hulle beurt weer subjektiewe response. Hulle is dikwels ook nie op hoogte met die probleem wat met die vraelys ondersoek word nie (De Landsheere, 1973:63).

Die probleem wat ondersoek gaan word moet dus deur die persone wat die vraelys gaan beantwoord, aanvaar word as "sinvol-vir-my"; met ander woorde dit moet hulle belangstelling wek sodat hulle gemotiveer kan wees om die vraelys te beantwoord (Landman, 1980:108-109).

Nieteenstaande kritiek en besware teen die vraelys bly dit steeds die ondersoekmiddel wat die meeste in opvoedkundige navorsing gebruik word (Mouly, 1978:188).

5.3.2.1 VOORDELE VAN DIE VRAELYS AS NAVORSINGSMETODE

i. Inligting kan bekom word wat nie op 'n ander wyse verkry kan word nie (Landman, 1980:108).

ii. Dit neem baie minder tyd in beslag, is goedkoper en is toepasbaar op 'n baie groter groep persone as wat met onderhoude die geval is (Landman, 1980:108; Gay, 1976:128).

iii. Met 'n vraelys kan 'n wyer geografiese gebied gedek word en persone wat dikwels moeilik bereikbaar is kan ook bereik word. Die groter dekking het tot gevolg groter geldigheid van die resultate (Mason & Bramble, 1978:300; Mouly, 1978:139).

iv. Indien identifikasie nie 'n vereiste is nie kan eerlike en objektiewe antwoorde verkry word (Cohen, 1980:242; Mason & Bramble, 1978:301).

v. Die vraelys leen hom tot goed oorweegde antwoorde. In 'n onderhoud sal 'n proefpersoon eerder 'n misplaaste antwoord gee as om sy onkunde te openbaar (Mouly, 1978:141).

vi. Die vraelys laat groter eenvormigheid toe ten opsigte van die wyse waarop die vrae gestel word en verseker dus groter vergelykbaarheid wat die antwoorde betref (Walker, 1985:91; Mouly, 1978:141).

vii. Persoonlike beïnvloeding deur die onderhoudvoerder word uitgeskakel (Cohen, 1980:253).

viii. Standaardvrae word aan al die respondente gestel (Lovell, 1970:86).

ix. Response kan maklik getabuleer word en dit vergemaklik weer die analise van die vraelys (Ary et al., 1971:101).

### 5.3.2.2 NADELE VAN DIE VRAELYS AS NAVORSINGSMETODE

i. Daar is dikwels 'n lae persentasie terugontvangste wat die grootte van die steekproef verminder. Dit is egter relatief onbelangrik as die steekproef groot is (Mason & Bramble, 1978:301; Ary et al., 1971:170).

ii. Respondente kan sommige vrae, indien dit nie baie duidelik geformuleer is nie, verskillend vertolk. Dit het tot gevolg dat die resultate misleidend kan wees (Lehmann & Mehrens, 1979:84; De Wet et al., 1981:163).

iii. Dit is moeilik om die geldigheid van die vraelys te bepaal omdat dit in 'n baie groot mate afhanklik is van die vermoë en gewilligheid van die respondent om die gevraagde inligting te verstrek (De Wet et al., 1981:163).

iv. Baie respondente dink nie mooi na oor die vrae van die vraelys nie en voltooi dit oorhaastig (Van Dalen, 1979:153).

v. Respondente word soms verplig om 'n antwoord uit 'n aantal moontlikhede te kies (Ary et al., 1971:170).

vi. Respondente beantwoord somtyds nie al die vrae nie en handel ander weer onvolledig af (Van Dalen, 1979:153; Turney et al., 1971:130).

vii. 'n Traak-my-nie-agtige houding van die respondent, 'n swak geheue, foutiewe waarneming, 'n gebrek aan belangstelling en "luiheid", mag 'n invloed op die kwaliteit van die response hê (Turney et al., 1971:130).

viii. Die anonimiteit van vraelyste skep probleme met die identifisering van respondente met die oog op 'n opvolgbrief. Daarbenewens bemoeilik anonieme vraelyste sekere statistiese berekeninge (Borg et al., 1979:300).

Ten spyte van die nadele van die vraelys as navorsingsmetode is daar nogtans, as gevolg van praktiese en ekonomiese redes, op hierdie metode besluit.

### 5.3.2.3 DIE KONSTRUKSIE VAN DIE VRAELYS

Die sukses, geldigheid en betroubaarheid van die vraelys as navorsingsmetode hang grootliks af van die doeltreffende konstruksie daarvan (Mouly, 1978: 190; Slavin, 1984:87).

In die algemeen kan gesê word dat die vraelys aantreklik en kort moet wees en maklik ingevul behoort te word. Dit beteken dat sowel die inhoud as die formaat van die vraelys deeglik beplan moet word. Geen item mag ingevoeg word wat nie direk met die doel van die ondersoek te make het nie (Landman, 1980:109).

Die ondersoeker moet dus duidelikheid oor die doel van die ondersoek hê. Hoe duideliker die doelformulering van die ondersoek, des te beter kan elke item met die doel van die ondersoek in verband gebring word. 'n Duidelik geformuleerde doel verhoog die funksionele waarde van die items wat weer tot gevolg het dat respondente aangemoedig word om die vraelys in te vul (Mouly, 1978:191).

Alle moontlike aspekte van die ondersoek, byvoorbeeld die steekproefgrootte, die lengte van die vraelys, die inhoud, die vorm, die besondere bydrae en nut van elke item en die appél van die begeleidende brief moet deeglik oorweeg word (Mouly, 1978:191; Gay, 1976:128).

Die twee tipes items wat algemeen gebruik word vir die konstruksie van vraelyste, is die gestruktureerde of geslote items en ongestruktureerde of ope items. Die ondersoeker moet vertroud wees met die twee soorte items voordat met die konstruksie van die vraelys begin word (Cohen, 1980:296-297; Vockell, 1983:82-83).

Die keuse van items word deur die doel van die navorsing bepaal (Tuckman, 1972:187).

By die samestelling van die vraelys moet baie aandag aan die geldigheid daarvan gegee word. Daar moet verseker word dat die vraelys wel dit sal doen waarvoor dit ontwerp is. Dit moet werklik aan die lig bring wat dit veronderstel is om aan die lig te bring (Landman, 1980:111).

### 5.3.2.4 GESTRUKTUREERDE (GESLOTE) ITEMS

'n Gestruktureerde item bestaan uit 'n vraag en 'n lys van alternatiewe antwoorde waaruit die respondent 'n seleksie moet maak. Die alternatiewe moet alle moontlike antwoorde bevat en elke antwoord moet duidelik van die ander onderskei kan word. Indien moontlik, moet slegs van gestruktureerde of geslote items gebruik gemaak word. Wanneer gestruktureerde items gebruik word, word die nasien en data-analise aansienlik vergemaklik (Landman, 1980:109).

'n Moontlike nadeel van gestruktureerde items is dat die invuller se werklike antwoord nie in die gegewe lys mag verskyn nie. Daarom moet vraelyste, wanneer nodig, ook die kategorie "ander" bevat, dit wil sê ruimte vir die respondent om 'n eie antwoord te verstrek waarvoor die gegewe lys nie voorsiening maak nie (Gay, 1976:129; Landman, 1980:109).

Volgens Hopkins (1980:145) is dit effektief om items so te rangskik dat die respondent 'n antwoord kan aandui deur 'n kruisie of 'n regmerkie in 'n blokkie te maak.

Gestruktureerde items het die volgende belangrike voordele:

i. Dit bied groter eenvormigheid en daarom ook groter betroubaarheid (Cohen, 1980:246).

ii. Dit vergemaklik tabulering en is geskik vir kodering en rekenarisering (Hopkins, 1980:145; Youngman, 1978:9).

Die nadele van gestruktureerde items is onder andere die volgende:

i. Die kunsmatigheid van die responsmoontlikhede.

ii. Sommige items kan die respondent irriteer.

iii. Die keuses maak nie voorsiening vir al die respondente se menings nie (Cohen, 1980:240).

iv. Dit bemoeilik die geleentheid om kwalifiserend te antwoord.

v. Dit bied nie altyd duidelik omskrewe antwoorde nie (Youngman, 1978:6).

### 5.3.2.5 ONGESTRUKTUREERDE (OPE) ITEMS

'n Vraelys wat uit ongestruktureerde (ope) items bestaan, bied aan die respondent geleentheid om spontaan in sy eie woorde te antwoord.

Belangrike voordele van ongestruktureerde items is die volgende:

i. Dit gee meer vryheid aan die proefpersoon (Landman, 1980:109).

ii. Dit plaas die proefpersoon op sy gemak (Youngman, 1978:6).

iii. Dit bied aan die proefpersone geleentheid om insigtelike antwoorde te verstrek.

iv. Dit beproef die grense van die proefpersoon se kennis.

v. Dit bevorder kommunikasie.

vi. Dit bied die ondersoeker die geleentheid om 'n objektiewe opname te maak (Cohen, 1980:247).

Die nadele van die ongestruktureerde items is die volgende:

i. Die bemoeilik tabulering en kodering.

ii. Dit neem baie tyd in beslag.

iii. Baie proefpersone hou nie daarvan om baie te skryf nie.

iv. Proefpersone kan antwoorde verstrek wat nie op die vraag betrekking het nie (Gay, 1976:129).

v. Dit kan aanleiding gee tot 'n algemene gepratery (Landman, 1980:198).

### 5.3.2.6 KRITERIA VIR DIE ONTWERP VAN DIE ITEMS

Individuele items moet ontwerp word in die lig van 'n aantal duidelike riglyne.

- Daar moet kort en duidelike instruksies wees wat die respondente moet nakom.
- Die items moet in logiese volgorde gerangskik word (Landman, 1980:110).
- Elke vraag moet so kort en relevant as moontlik wees en betrekking op die ondersoek hê.
- Elke vraag moet slegs oor een aspek van die ondersoek handel (Landman, 1980:110; Youngman, 1978:15).
- Elke item moet duidelik geformuleer wees (Travers, 1978:330).
- Keuses moet eenvoudig wees en maklik gemaak kan word. Moeilike items beïnvloed die betroubaarheid van die vraelys nadelig (Youngman, 1978: 12).
- Vrae moet so geformuleer word dat die respondent nie beswaar daarteen sal hê nie. Sensitiewe vrae wat aanstoot kan gee moet vermy word (Gay, 1976:130; Landman, 1980:110).
- Vrae moet so geformuleer word dat die verlangde inligting wel daarmee bekom kan word (Hopkins, 1980:146).
- Die vraelys moet slegs genoeg items insluit om die verlangde inligting te bekom (Lovell, 1970:89).
- Vrae moet so gestruktureer word dat slegs een antwoord verstrek kan word.
- Die sinsbou moet korrek en die taalgebruik moet foutloos wees (Youngman, 1978:15).
- Die vraelys moet vir rekenaardoeleindes ontwerp word.

- Hoogdrawende en tegniese terme moet vermy word (Borg et al., 1979: 297).

- Vrae wat 'n bepaalde antwoord suggereer moet vermy word (Landman, 1980:110; Borg et al., 1979:297).

- Aandag moet veral gegee word aan die ontwerp van die eerste paar items van die vraelys. Indien dit die respondent se belangstelling gaande maak is die kanse goed dat hy die res van die vraelys sal beantwoord (Youngman, 1978:22).

### 5.3.2.7 TEGNIESE VERSORGING VAN DIE VRAELYS

Die tegniese versorging van die vraelys is van uiterste belang. 'n Netjiese, professionele voorkoms sal die terugontvangste verbeter. Die uiteensetting van die vraelys moet dus sorgvuldig beplan word.

Volgens Youngman (1978:20); Borg et al., (1979:298) en Coleman (1980:85) kan die volgende aspekte bydra tot die verbetering van die vraelys se voorkoms:

Δ dubbele reëlafstand dra by tot die beter lees van 'n vraag;

Δ 'n konsekwente plasing van die blokkies waarin die respondente 'n kruisie moet maak, vergemaklik en bespoedig die voltooiing van die vraelys en voorkom dus die moontlikheid dat sommige vrae onbeantwoord bly;

Δ die tikwerk en lettertipe is belangrik;

Δ daar moet duidelik onderskei kan word tussen die vrae en die instruksies;

Δ daar moet ruimte aan die regterkant gelaat word vir rekenaarkodering;

Δ belangrike vrae moet liewer nie aan die einde van die vraelys geplaas word nie;

Δ die vraelys moet verkieslik deur 'n voorbeeld voorafgegaan word ;

Δ die respondente behoort, deur middel van 'n toepaslike bedankingswoord aan die einde van die vraelys, vir hulle samewerking bedank te word.

5.3.2.8 ANONIMITEIT VAN DIE PROEFPERSONE

In die meeste opvoedkundige ondersoeke word proefpersone versoek om hulleself te identifiseer. Wanneer die verlangde inligting egter vertroulik van aard is, word 'n anonieme vraelys opgestel. Anonieme vraelyste het egter heelwat nadele. Dit bemoeilik opvolgondersoeke en dit is onprakties, omdat proefpersone wat nie gerespondeer het nie moeilik geïdentifiseer sal word.

Volgens Borg et al., (1979:301) moet die volgende faktore oorweeg word indien daar besluit moet word oor die anonimiteit van 'n vraelys of identifikasie van die proefpersone.

- die belangrikheid van identifikasie met betrekking tot die analise van die data;
- die volwassenheid van die proefpersone;
- die mate waarin inligting van die proefpersoon gevra word wat hy liewer sou wou verswyg;
- die moontlike effek van anonieme vraelyste op die terugontvangste;
- die prosedure met betrekking tot die analise van die resultate.

5.3.2.9 VOORTOETSING VAN DIE VRAELYS

Die vraelys moet uitgetoets word ten einde moontlike tekortkominge en voorstelle vir verbetering aan die lig te bring.

Die enkele (twee of drie) persone wat gevra word om die vraelys te beantwoord moet dit doen in die lig van bogenoemde. Hierna word die verbeterde vraelys gestuur aan 'n klein steekproef van die populasie waarvoor dit bedoel is. Ook hierdie groep moet aangemoedig word om kommentaar te lewer op die instruksies, wyse waarop die antwoorde gegee moet word en ook oor die spesifieke items (Landman, 1980:111; Borg et al., 1979:39).

Indien hier reeds 'n lae persentasie vraelyste terugontvang word, moet sowel die vraelys as die begeleidende brief noukeurig ondersoek word. Die kommentaar van diegene wat wel die vraelys teruggestuur het, moet in oorweging geneem word. Die navorser moet ook die wyse waarop hy die ingesamelde gegewens wil tabuleer, weer in oënskou neem. Die finale vraelys en die begeleidende brief word nou aan die geselekteerde proefpersone gestuur (Landman, 1980:112; Tuckman, 1972:196).

5.3.2.10 DIE BEGELEIDENDE BRIEF

Elke vraelys wat gepos word moet vergesel wees van 'n begeleidende brief wat -

i. verduidelik wat van die respondent verwag word en waarom, sodat hy tot die beantwoording daarvan gemotiveer kan word;

ii. kort en netjies is;

iii. spesifiek geaddresseer is aan die proefpersoon;

iv. die doel van die ondersoek verduidelik met beklemtoning van die belangrikheid en die betekenis daarvan, sodat die proefpersoon dit as 'n goeie rede kan aanvaar om die vraelys te beantwoord;

v. indien moontlik te kenne gee dat die resultate van die ondersoek aan die proefpersoon meegedeel sal word;

vi. melding maak van welke instansie die ondersoek goedkeur en/of ondersteun. Mede-ondertekening deur 'n welbekende persoon, kan soms nuttig wees;

vii. indien nodig, vertroulikheid waarborg of anonimiteit vereis;

viii. 'n definitiewe datum stel waarop die vraelys teruggestuur moet word;

ix. 'n gefrankeerde koevert insluit (Landman, 1980:111).

5.3.2.11 VERSPREIDING VAN DIE VRAELYS

Amptelike toestemming behoort by die betrokke onderwysowerhede verkry te word om vraelyste aan skole te stuur (Youngman, 1978:29; Van Dalen, 1979: 154). Wat Suid-Afrikaanse Onderwysdepartemente betref is amptelike toestemming 'n vereiste (T O D - O/M 48 van 1988a).

5.3.2.12 TERUGSENDING VAN DIE VRAELYS

Om terugsending te bevorder moet die navorser seker maak dat die studie van voldoende belang is sodat besige proefpersone bereid sal wees om tyd te bestee om dit te beantwoord. Ook moet seker gemaak word dat die inligting nie elders verkry kan word nie en dat die vraelys so kort, aantreklik en maklik as moontlik is om te voltooi (Van Dalen, 1979:154).

Volgens Hopkins (1980:299) is 50%-terugontvangste bevredigend, terwyl 60% as goed en 70% as baie goed beskou kan word.

5.3.2.13 OPVOLGAKTIWITEITE

Indien die persentasie terugontvangste nie bevredigend is nie, moet sekere handelinge gevolg word. Volgens Landman (1980:111) is die ondersoek slegs geldig indien minstens 70% van die vraelyste terugontvang word. Indien dit nie die geval is nie sal sekere opvolgaktiwiteite nodig wees.

i. Stuur 'n aanmaning-poskaart
   (a) slegs aan nie-respondente indien die vraelys nie anoniem was nie;
   (b) aan almal indien die vraelys anoniem was, met die byvoeging: "Indien u reeds die vraelys teruggestuur het, ignoreer asseblief hierdie poskaart".

ii. Indien (i) nie die gewenste resultaat het nie moet vraelyste met 'n begeleidende brief en gefrankeerde koevert weereens gestuur word. Die hersiene begeleidende brief kan aangeleenthede soos die volgende beklemtoon:

   (a) die betekenis en doel van die ondersoek;
   (b) die belangrikheid van die nie-respondente se antwoorde, en
   (c) die feit dat reeds baie persone dit die moeite werd geag het om

die vraelys te voltooi.

iii. Indien daar dan nog nie 70% van die vraelyste teruggestuur is nie, behoort ander metodes soos persoonlike briewe, telefoonoproepe en telegramme aangewend te word (Landman, 1980:112 & Gay, 1976:172).

## 5.4 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

### 5.4.1 DIE POPULASIE EN KEUSE VAN PROEFPERSONE

Die doel van hierdie ondersoek is om empiries vas te stel wat die stand van persoonlikheidsvoorligting op sekondêre onderwysvlak in Transvaal is.
Daar is besluit om Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding in die ondersoek te betrek, en wel om die volgende oorwegings:

‡ hulle is primêr verantwoordelik vir die effektiewe implementering van die voorligtingsprogram;

‡ hulle ervaring en kennis van die inhoudvan die program;

‡ hulle ervaring en kennis van die sekondêre skoolkind in al sy ontwikkelingsfases;

‡ omdat van die veronderstelling uitgegaan is dat die ondersoek vir hulle belangrik is en hulle sou bydra tot die suksesvolle uitvoering daarvan.

Omdat die 172 departementshoofde vir opvoedkundige leiding by Afrikaans- en dubbelmedium sekondêre skole in Transvaal as verteenwoordigend van die universum van 248 departementshoofde by sekondêre skole beskou is, is besluit om slegs hulle by die ondersoek te betrek.

#### 5.4.1.1 BEPALING VAN STEEKPROEFGROOTTE

Die grootte van die steekproef is belangrik (De Wet et al., 1981:117).
Hoe groter die steekproef hoe akkurater is die skatting van die gemiddeld van die populasie. Die steekproef moet so groot moontlik wees om verteenwoordigend te wees en betroubare en geldige gevolgtrekkings te kan verseker (Snedecor et al., 1967). Daar is huidiglik (1988) 248 sekondêre skole in

Transvaal wat uit 142 Afrikaansmedium, 76 Engelsmedium en 30 dubbel-/parallelmedium skole bestaan. Daar is besluit om al die Afrikaansmedium en al die dubbel-/parallelmedium skole by die ondersoek in te sluit omdat dit as verteenwoordigend van die totale getal sekondêre skole beskou is. Dit beteken dus dat 172 skole of 69,4% van die totaal van 248 skole by die ondersoek ingesluit is.

### 5.4.2 SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS

#### 5.4.2.1 MOTIVERING VIR EN ONTWERP VAN DIE VRAELYS WAT IN HIERDIE ONDERSOEK GEBRUIK IS

Na aanleiding van die bevindings met die literatuurstudie en met inagneming van die doelstellings van hierdie ondersoek is besluit om meer inligting oor die volgende sake in verband met persoonlikheidsvoorligting te verkry:

(1) Die skielike fisiese veranderinge wat by die adolessent plaasvind bring dikwels vir hom spanning en besorgdheid mee wat skadelik kan wees vir sy persoonlikheidsontwikkeling (kyk par. 2.2.1 & 2.2.9). Daar moet dus 'n vraag gestel word oor die mate waarin leerlinge voorberei en ondersteun word ten opsigte van die fisiese veranderinge wat by hulle plaasvind (kyk vraag 1, p.98).

(2) Onder- en oorgewig is 'n bron van groot kommer by adolessente terwyl die advertensie- en reklamebedryf groot klem lê op fisiese aantreklikheid (kyk par. 2.2.7). Voorligting ten opsigte van gesonde eetgewoontes is dus nodig. Gevolglik ontstaan die vraag of die voorligtingsprogram vir sodanige voorligting voorsiening maak. Dit moet aan die hand van een of meer items gekontroleer word (kyk vraag 2, p.98).

(3) Baie adolessente voel ontevrede en ongelukkig met hulle fisiese voorkoms. Hulle sou dit graag wou verander het as hulle kon (kyk par. 2.2.4 & 2.2.9). Daar sal vasgestel moet word of leerlinge bewus gemaak word van die feit dat innerlike eienskappe belangriker is as fisiese voorkoms en aantreklikheid (kyk vraag 3, p.98).

(4) Persoonlike voorkoms kan met kleredrag, goeie persoonlike versorging en mooi maniere verbeter word. Voorligting omtrent die versorging van die vel, hare, naels, klere en persoonlike higiëne is dus nodig (kyk

par. 2.2.7). Dit moet deur middel van 'n vraag vasgestel word (kyk vraag 4, p.98).

(5) Alkoholiese drank, gewoontevormende middels en die rookgewoonte het 'n nadelige invloed op gesonde fisiese groei en ontwikkeling (kyk par 2.2.7 & 4.3). Daar moet vasgestel word of leerlinge voorligting kry in hierdie verband (kyk vraag 5, p.98).

(6) Die adolessent verstaan dikwels nie sy eie gedrag nie en is nie bewus van die uitwerking wat fisiese veranderinge op sy gedrag het nie (kyk par. 2.2.1, 2.2.2 & 2.2.4).
Leerlinge moet van die uitwerking wat fisiese veranderinge op gedrag het bewus wees ten einde hulleself beter te verstaan. Dit sal deur middel van een of meer vrae gekontroleer word (kyk vraag 6, p.98).

(7) Deelname aan fisiese aktiwiteite is belangrik. Leerlinge moet egter besef dat dit in die eerste plek gaan om die bevrediging van bepaalde liggaamlike ontwikkelingsbehoeftes en nie net ter wille van die wenmotief nie (kyk par. 2.2.7). Dit sal deur 'n vraag in die vraelys gekontroleer moet word (kyk vraag 7, p.99).

(8) Maksimale deelname aan liggaamlike aktiwiteite is belangrik omdat dit positief tot die leerling se gesonde liggaamlike ontwikkeling bydra (kyk par. 2.2.7). In die vraelys sal met een of meer items vasgestel moet word of leerlinge wel in hierdie verband aangemoedig word (kyk vraag 8, p.99).

(9) Sekere houdings, waardes, rolle, bevoegdhede en vaardighede is nodig vir die adolessent om effektief binne sy kultuur en gemeenskap te funksioneer (kyk par. 2.3.1). Die vraag ontstaan of die voorligtingsprogram hiervoor voorsiening maak (kyk vraag 9, p.99).

(10) Baie van die adolessent se bekommernisse spruit voort uit verhoudinge met mense wat vir hulle belangrik is, naamlik ouers, onderwysers en die portuurgroep (kyk par. 2.3.1). Voorligting ten opsigte van die instandhouding en verbetering van hierdie verhoudinge is dus noodsaaklik (kyk vraag 10, p.99).

(11) Goeie verhoudinge met ander dra tot die eie gesonde persoonlikheidsontwikkeling by (kyk par. 2.3.2). 'n Vraag moet ingesluit word om vas te stel in welke mate leerlinge voorligting in hierdie verband ontvang (kyk vraag 11, p.99).

(12) 'n Suksesvolle en hegte vriendskap is gebaseer op die voorsiening in mekaar se wedersydse behoeftes (kyk par. 2.3.2). Die vraag is of leerlinge in hierdie verband voorligting ontvang (kyk vraag 12, p.100).

(13) Sekere positiewe persoonlikheidseienskappe maak dit vir die individu makliker om die portuurgroep en ander se goedkeuring en aanvaarding te verwerf (kyk par. 2.3.3). Voorligting aan leerlinge in hierdie verband is dus noodsaaklik (kyk vraag 13, p.100).

(14) Maksimale deelname aan en betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite is belangrik vir die adolessent se sosiale vorming en dus ook vir goeie geestesgesondheid (kyk par. 2.3.3). Daar moet dus 'n vraag gestel word om vas te stel in welke mate leerlinge voorligting ontvang in hierdie verband (kyk vraag 14, p.100).

(15) Opgekropte emosies en onderdrukte gevoelens kan skadelik wees vir die adolessent se geestesgesondheid. Buitemuurse deelname voorsien egter emosionele uitlaatkleppe waar op 'n sosiaal aanvaarbare wyse van hierdie gevoelens ontslae geraak kan word (kyk par. 2.3.3 & 3.2.5.2). Die vraag is of leerlinge hieroor voorligting ontvang (kyk vraag 15, p.100).

(16) Baie adolessente is nie bewus van hulle eie kenmerkende sosiale gedrag wat nadelig kan wees vir hulle sosiale verhoudinge en geestesgesondheid nie (kyk par. 2.3.6). Die vraag is of leerlinge onder die indruk hiervan gebring word (kyk vraag 16, p.100).

(17) Onbedagsaamheid teenoor ander en 'n dislojale houding teenoor die skool is dikwels kenmerkend van die adolessent. Hy moet egter bewus gemaak word van die volwasse tipe gedrag wat nou van hom verwag word en die implikasies wat dit vir 'n gesonde gesinslewe en beroepsoefening inhou (kyk par. 2.3.6). Die leerlinge moet die nodige voorligting in hierdie verband ontvang (kyk vraag 17, p.100).

(18) Uitermatige vorme van anti-sosiale gedrag is baie nadelig vir die leerling se geestesgesondheid. Dit gee onder andere aanleiding tot afkeuring en verwerping deur die portuurgroep (kyk par. 2.3.5). Die vraag is of die voorligtingsprogram voorsiening maak vir die vroegtydige waarneming en diagnosering van hierdie tipe gedrag (kyk vraag 18, p.101).

(19) Voldoende geleentheid moet geskep word vir terapeutiese hulpverlening, byvoorbeeld individuele gespreksvoering en gesinsterapie (kyk par. 2.3.5). 'n Vraag sal gestel moet word om vas te stel of die voorligtingsprogram hiervoor voorsiening maak (kyk vraag 19, p.101).

(20) Indien dit onder die leerling se aandag gebring word dat hy as gevolg van sy kognitiewe moontlikhede tot beter skolastiese prestasie in staat is, is dit vir hom 'n aanmoediging en motivering en het dit ook 'n positiewe invloed op sy selfkonsep (kyk par. 2.4.1). Die mate waarin die leerling in hierdie verband voorgelig en aangemoedig word moet deur middel van 'n vraag vasgestel word (kyk vraag 20, p.101).

(21) Die adolessent se egosentriese gedrag kan maklik lei tot selfsugtigheid en onbedagsaamheid teenoor ander. Dit kan sy verhouding met ander benadeel en dus skadelik wees vir sy persoonlikheidsontwikkeling (kyk par. 2.4.3). Hy moet dus bewus gemaak word van die nadele van hierdie tipe gedrag vir sy verhouding met ander (kyk vraag 21, p.101).

(22) Van die adolessent word 'n meer volwasse tipe gedrag as van die kind verwag. Ou gedragspatrone moet afgeleer en nuwes aangeleer word (kyk par. 2.4.3). Die vraag is of leerlinge voorgelig en ondersteun word ten opsigte van die volwasse tipe gedrag wat nou van hulle verwag word (kyk vraag 22, p.101).

(23) Leerlinge moet die geleentheid gebied word vir kreatiewe bespreking van aangeleenthede wat hulle raak en om oplossings te vind vir hulle eie probleme (kyk par. 2.4.2). Die voorligtingsprogram behoort hiervoor voorsiening te maak (kyk vraag 23, p.101).

(24) Die maksimale ontwikkeling van leervaardighede is van die uiterste belang vir suksesvolle beroepsoefening en selfaktualisering. Dit impliseer volgehoue inspanning ten opsigte van skolastiese werk (kyk par. 2.4.2). Die vraag is of leerlinge onder die indruk gebring word van die noodsaaklikheid van volgehoue inspanning (kyk vraag 24, p.102).

(25) Die selfaktualisering van die leerling is die hoogste doel van die onderwys en opvoeding. Die ideaal is dus dat elke leerling op skool skolastiese prestasies sal lewer wat in ooreenstemming is met sy gemete verstandsmoontlikheid. Vakonderwysers behoort kennis te dra van leerlinge se moontlikhede sodat hulle prestasies daarteen gemeet kan word en indien nodig leerlinge aangespoor kan word tot verhoogde prestasie (kyk par. 2.4.2). Die vraag is of vakonderwysers wel ingelig word oor leerlinge se moontlikhede (kyk vraag 25, p.102).

(26) Dit is belangrik vir leerlinge se geestesgesondheid dat realistiese eise ten opsigte van skoolwerk aan hulle gestel word (kyk par. 2.4.2). Dit sal deur middel van 'n vraag in die vraelys gekontroleer word (kyk vraag 26, p.102).

(27) Dit gebeur dikwels dat leerlinge beroepskeuses moet maak wat in ooreenstemming is met hulle skolastiese prestasies. Dit kan later in beroepsoefening aanleiding gee tot frustrasie (kyk par. 2.4.3). Daar sal dus vasgestel moet word of leerlinge bewus gemaak word van die belangrikheid van maksimale skolastiese prestasie ter wille van die vlak van beroepsbeoefening (kyk vraag 27, p.102).

(28) Onbedagsame onderwyspersoneel kan maklik bydra tot 'n leerling se emosionele ongesteldheid. 'n Reeds bestaande probleem kan sodoende selfs vererger word (kyk par. 2.5.4). Daar sal dus deur middel van 'n vraag vasgestel moet word of onderwysers voorgelig word ten opsigte van hulle bydrae tot die leerling se geestesgesondheid (kyk vraag 28, p.102).

(29) Om 'n positiewe selfkonsep te ontwikkel is dit onder andere nodig dat leerlinge baie sukses ervaar in skolastiese werk en dat mislukkings tot 'n minimum beperk word. Hierdie ideaal kan verwesenlik word deur effektiewe implementering van gedifferensieerde onderwys (kyk par. 2.5.1). Daar sal deur middel van 'n vraag vasgestel moet word of

voorligting in hierdie verband gegee word (kyk vraag 29, p.103).

(30) Dit is belangrik dat leerlinge realistiese eise aan hulleself moet stel ten opsigte van hulle skoolwerk. Indien hulle te hoë eise aan hulleself stel waaraan hulle nie kan voldoen nie, is dit skadelik vir hulle selfkonsep (kyk par. 2.5.1). Daar sal moet vasgestel word of hulle voorligting in hierdie verband ontvang (kyk vraag 30, p.103).

(31) 'n Positiewe selfkonsep is 'n voorvereiste vir selfaktualisering en geestesgesondheid. Leerlinge behoort dus ingelig te word oor die selfkonsep en die faktore wat bydra tot 'n positiewe selfkonsep (kyk par. 2.5.1 & 4.3). Dit sal deur 'n vraag in die vraelys vasgestel moet word (kyk vraag 31, p.103).

(32) Vir die leerling se geestesgesondheid is dit van die uiterste belang dat in die regte mate in sy psigologiese behoeftes voorsien moet word (kyk par. 2.5.2). Die vraag is of daar in die voorligtingsprogram rekening gehou word met hierdie behoeftes (kyk vraag 32,p.103).

(33) Wanneer daar nie in die regte mate in leerlinge se psigologiese behoeftes voorsien word nie, moet hulle van verdedigingsmeganismes gebruik maak om hulle selfbeeld te beskerm en hulle selfbehoud te handhaaf. Uitermatige gebruik van hierdie meganismes is baie nadelig vir geestesgesondheid (kyk par. 2.5.3). Daar moet deur middel van 'n vraag vasgestel word of leerlinge hiervan bewus gemaak word (kyk vraag 33, p.103).

(34) Wanneer emosionele en gedragsprobleme vroegtydig geïdentifiseer word is hulpverlening makliker en meer effektief as wanneer hierdie probleme reeds diepgewortel is (kyk par. 3.2.5.1 & 4.3). In die vraelys sal vasgestel moet word of die voorligtingsprogram voorsiening maak vir die vroegtydige uitkenning van leerlinge met probleme (kyk vraag 34, p.103).

(35) Soms ondervind leerlinge persoonlike terugslae soos druiping in 'n vak, verlies van 'n vriend of vriendin of die dood van 'n lid van die gesin. Dit kan traumatiese gevolge hê (kyk par. 2.5.4). In die vraelys sal vasgestel word of leerlinge gehelp en ondersteun word ten opsigte van persoonlike terugslae (kyk vraag 35, p.103).

(36) Die ontwikkeling van positiewe persoonlikheidseienskappe is belangrik vir suksesvolle sosiale verhoudinge asook vir beroepsbeoefening (kyk par. 2.5.4). Daar moet nagegaan word of leerlinge onder die indruk gebring word hiervan (kyk vraag 36, p.104).

(37) Insig in die eie emosionele gedragspatrone het tot gevolg dat die oorsake van hierdie gedragspatrone makliker voorkom of verwerk kan word (kyk par. 2.5.4). Die vraag is of leerlinge die geleentheid kry om insig te ontwikkel in hulle eie emosionaliteit (kyk vraag 37, p.104).

(38) Onderwyspersoneel moet ingelig en voorgelig word ten opsigte van leerlinge se emosionele probleme. 'n Oningeligte onderwyser kan reeds bestaande emosionele letsels vererger of negatiewe gedrag versterk deur ontoepaslike optrede of 'n verkeerde woord (kyk par. 2.5.1). Dit sal deur middel van 'n vraag gekontroleer moet word (kyk vraag 38, p.104).

(39) Volgens verskeie bronne het persoonlikheidsvoorligting die geestesgesondheid van die leerling ten doel (kyk par. 3.2.5.2 & 4.3). Dit moet by die respondente gekontroleer word (kyk vraag 39, p.104).

(40) Ouers is die primêre opvoeders van hulle kinders. Dit is egter algemeen bekend dat die opvoeding by die huis dikwels skeef loop om verskeie redes (kyk par. 3.3.1). Daar moet dus 'n vraag gestel word om vas te stel of die voorligtingsprogram sensitief genoeg is om tekortkominge by die huis aan die lig te bring (kyk vraag 40, p.104).

(41) Effektiewe skakeling tussen skoolpersoneel en ouers is noodsaaklik ten einde die ouers se samewerking te verkry ten opsigte van gevalle waar terapeutiese hulp verleen moet word (kyk par. 3.2.5 & 3.3.1). In die vraelys sal vasgestel moet word of voorsiening in die voorligtingsprogram gemaak word vir sodanige skakeling (kyk vraag 41, p.105).

(42) Dit is wenslik dat ouers voorligting sal ontvang ter voorkoming van probleme en dat hulle ingelig sal word ten opsigte van hulle bydrae in hierdie verband. Voorkoming is beter as remediëring (kyk par. 3.2.5 & 3.2.6). Daar sal 'n vraag ingesluit moet word om dit vas te stel (kyk vraag 42, p.105).

(43) Om lid van 'n portuurgroep te wees en deur die lede van die groep aanvaar te word is dikwels vir die adolessent belangriker as prestasie in skolastiese werk, sport en ander aangeleenthede. Die leerling moet egter van die portuurgroep se invloed op hom bewus wees asook die nadelige gevolge wat lidmaatskap van 'n ongewenste groep vir hom inhou (kyk par. 3.4.2.1 & 4.3). Dit sal deur 'n vraag gekontroleer moet word (kyk vraag 43, p.105).

(44) Dit sal beter wees vir leerlinge om met ongewenste invloedsgroepe te breek indien hulle nie daarin kan slaag om die ander lede van die groep positief te beïnvloed nie (kyk par. 3.4.2). In die vraelys sal vasgestel word of leerlinge voorligting in hierdie verband ontvang (kyk vraag 44, p.105).

Die vraelys sal ontwerp word volgens die kriteria vir die konstruksie van 'n vraelys (kyk par. 5.3.2.6) en aangesien rekenaarverwerkings gebruik gaan word, sal dit ontwerp word om te voldoen aan die vereistes wat gestel word deur die Statistiese Konsultasiediens van die Vaalrivierse tak van die P U vir C H O.

### 5.4.2.2 KEUSE VAN DIE SOORT ITEMS VIR DIE VRAELYS

Aangesien daar in hierdie ondersoek by respondente vasgestel gaan word in welke mate die vraelys items in die skoolvoorligtingsprogram realiseer is besluit om nie van gestruktureerde (geslote) en nie-gestruktureerde (ope) items gebruik te maak nie maar om van die Likert-tipe skaal gebruik te maak.
Die eerste stap in die ontwikkeling van 'n skaal volgens Likert (1932:44-53) is die keuse van die moontlike responskategorieë. In die aanvanklike ontwikkeling het Likert van 5 moontlike responskategorieë gebruik gemaak.

Edwards & Kilpatrick (1948:374-384) maak van 6 kategorieë gebruik. Aangesien daar geantisipeer is dat die respondente op 'n 5 of 6 punt skaal geneig sal wees om gemiddelde response aan te bied, wat nie 'n getroue weergawe van die werklike toedrag van sake is nie, is besluit om van vier kategorieë gebruik te maak.

'n Tweede saak wat oorweging moet geniet, is die waardetoekenning van die responskategorieë. Normaalweg word aan die volkome instemming-kategorie

die hoogste telling toegeken - in die geval 4 en aan die sterk negatiewe kategorie die laagste telling - in die geval 1 indien dit 'n vraag met 'n gunstige strekking teenoor die betrokke saak is. Indien die vraag egter 'n ongunstige strekking het word die waardetoekenning vir die betrokke kategorieë omgeruil (Edwards, 1957:211).

Indien 'n proefpersoon die vrae in so 'n skaal sou beoordeel, sou daar dan vir hom 'n totale telling bereken kan word. 'n Hoë telling sal dan op 'n positiewe en 'n lae telling op 'n negatiewe reaksie dui.

Daar is ook besluit om een ope-item in die vraelys in te sluit, sodat respondente kommentaar, wenke en aanbevelings kan maak.

Die formulering van die items is gedoen aan die hand van die kriteria vir vraagformulering (kyk par. 5.3.2.6). Daar is veral gepoog om kort, duidelike items te formuleer.

### 5.4.2.3 EERSTE REDAKSIE VAN DIE VRAELYS: MOTIVERING VAN ITEMS

Na aanleiding van die motivering vir die bepaalde vraelys (kyk par. 5.4.2.1) en die riglyne en kriterium met betrekking tot die ontwerp van 'n vraelys (kyk par. 5.3.2.6) is besluit op 'n eerste redaksie.

Die skaal wat gebruik is vir die beantwoording van die vrae is soos volg:

1 = Glad nie
2 = Onbevredigend
3 = Redelik
4 = Ten volle

Om vas te stel in welke mate leerlinge deur middel van die voorligtingsprogram voorgelig en ondersteun word ten opsigte van hulle gesonde fisiese ontwikkeling, is die volgende vrae in die vraelys ingesluit:

Die mate waarin:

1. leerlinge deur middel van die voorligtingsprogram voorberei en ondersteun word ten opsigte van die fisiese veranderinge wat by hulle plaasvind.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

2. die voorligtingsprogram voorsiening maak vir voorligting aan leerlinge ten opsigte van die belangrikheid van korrekte en voldoende voedsel asook eetgewoontes vir gesonde fisiese groei en ontwikkeling.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

3. leerlinge deur middel van die voorligtingsprogram bewus gemaak word van die feit dat mense se innerlike eienskappe belangriker is as fisiese voorkoms en aantreklikheid.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

4. voorsiening gemaak word vir voorligting ter verbetering van die persoonlike voorkoms by wyse van kleredrag en persoonlike versorging van die hare, naels, vel, tande en klere.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

5. leerling bewus gemaak word van die invloed van alkoholiese drank, verdowingsmiddels en die rookgewoonte op gesonde fisiese groei en ontwikkeling.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

6. leerlinge bewus gemaak word van die uitwerking wat fisiese veranderinge op gedrag het.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

7. leerlinge die geleentheid gebied word om onder die indruk te kom van die belangrikheid van deelname aan fisiese aktiwiteite en dat dit gaan om bevrediging van bepaalde liggaamlike ontwikkelingsbehoeftes en nie net ter wille van die wenmotief nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

8. leerlinge deur middel van die voorligtingsprogram aangemoedig word om maksimaal aan liggaamlike aktiwiteite deel te neem.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

Om vas te stel in welke mate leerlinge voorgelig en ondersteun word ten opsigte van hulle sosiale ontwikkeling, is die volgende vrae in die vraelys ingesluit:

Die mate waarin:

9. die voorligtingsprogram voorsiening maak vir leerlinge om die nodige houdings, waardes, rolle, bevoegdhede en vaardighede te ontwikkel om effektief binne hulle kultuur en gemeenskap te funksioneer.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

10. leerlinge deur middel van die voorligtingsprogram voorgelig word hoe om hulle verhoudinge met alle mense maar veral diegene wat vir hulle belangrik is naamlik ouers, onderwysers en portuurgroep te verbeter en in stand te hou.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

11. leerlinge tot die besef gebring word dat gesonde verhoudinge met ander - ook mense van ander bevolkingsgroepe - bydra tot die eie gesonde persoonlikheidsontwikkeling.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

12. leerlinge bewus gemaak word dat 'n hegte vriendskap gebaseer is op die voorsiening in mekaar se wedersydse behoeftes.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

13. die voorligtingsprogram die leerlinge bewus maak van die persoonlikheidseienskappe wat nodig is om die goedkeuring en aanvaarding deur die portuurgroep en ook ander mense te verwerf.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

14. leerlinge bewus gemaak word dat maksimale deelname aan/betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite belangrik is vir sosiale vorming en ontwikkeling en dus ook vir goeie geestesgesondheid.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

15. leerlinge deur middel van die voorligtingsprogram onder die indruk gebring word dat buitemuurse deelname emosionele uitlaatkleppe voorsien waar op 'n sosiaal aanvaarbare wyse ontslae geraak kan word van opgekropte emosies en onderdrukte gevoelens wat skadelik kan wees vir geestesgesondheid.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

16. die voorligtingsprogram aan leerlinge die geleentheid bied om hulle eie kenmerkende sosiale gedrag byvoorbeeld egosentriese gedrag, afsydigheid teenoor teenoorgestelde geslag, onttrekking en onbedagsaamheid asook hulle voorkeure ten opsigte van sosiale verhoudinge te ontdek.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

17. leerlinge blootgestel word aan voorligting ten opsigte van volwasse sosiale gedrag byvoorbeeld bedagsaamheid, aanvaarding, ondersteuning en lojaliteit en die implikasie daarvan vir 'n gesonde gesinslewe en beroepsoefening.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

18. die voorligtingsprogram voorsiening maak om uitermatige vorme van anti-sosiale gedrag by leerlinge waar te neem en te diagnoseer.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

19. daar deur middel van die voorligtingsprogram voldoende geleentheid geskep word om terapeutiese hulp te verleen byvoorbeeld individuele gesprekvoering en gesinsterapie waar nodig.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

In die volgende vrae word ondersoek ingestel ten opsigte van die mate waarin leerlinge voorgelig word oor hulle kognitiewe ontwikkeling:

Die mate waarin:

20. die leerling deur middel van die voorligtingsprogram bewus gemaak word van sy moontlikhede, wat hy is maar wat hy kan en behoort te wees.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

21. die leerling bewus gemaak word van sy egosentriese gedrag en die nadele wat dit vir hom mag inhou ten opsigte van gesonde persoonlikheidsontwikkeling.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

22. leerlinge deur middel van die voôrligtingsprogram voorgelig en ondersteun word ten opsigte van die volwasse tipe gedrag wat nou van hulle verwag word.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

23. leerlinge die geleentheid gebied word tot kreatiewe bespreking en om oplossings te vind vir hulle eie probleme of tot insig te kom.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

24. leerlinge onder die indruk gebring word van die noodsaaklikheid van volgehoue inspanning ten opsigte van skolastiese werk ten einde te verseker dat hulle leervaardighede maksimaal ontwikkel.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

25. die verskillende vakonderwysers deur middel van die voorligtingsprogram ingelig word ten opsigte van leerlinge se moontlikhede sodat hulle voortdurend leerlinge se prestasies daarteen kan meet en waar nodig leerlinge kan aanspoor tot verhoogde prestasie.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

26. die voorligtingsprogram tot gevolg het dat realistiese eise en verwagtinge aan leerlinge gestel word ten opsigte van skolastiese prestasie ter wille van hulle gesonde persoonlikheidsontwikkeling.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

27. leerlinge bewus gemaak word van die belangrikheid van maksimale skolastiese prestasie ter wille van die uiteindelike vlak van beroepsbeoefening.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

Die volgende vrae is in die vraelys ingesluit om vas te stel in welke mate leerlinge ten opsigte van hulle emosionele ontwikkeling ondersteun word:

Die mate waarin:

28. onderwyspersoneel deur middel van die voorligtingsprogram voorgelig word ten opsigte van die bydrae (dikwels subtiele bydrae) wat hulle kan lewer tot die leerlinge se geestesgesondheid.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

29. die voorligtingsprogram bydra tot die leerling se ervaring van maksimum skolastiese sukses en die beperking van mislukkings tot 'n minimum ter wille van sy gesonde persoonlikheidsontwikkeling.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

30. leerlinge deur middel van die voorligtingsprogram gehelp word om realistiese eise aan hulleself te stel ten opsigte van skoolwerk.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

31. leerlinge ingelig word oor die selfkonsep; faktore wat bydra tot die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep en die rol wat dit speel ten opsigte van geestesgesondheid.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

32. die voorligtingsprogram rekening hou met die psigologiese behoeftes van die leerlinge en die gevolge wat onbevredigde behoeftes inhou vir leerlinge se gesonde persoonlikheidsontwikkeling.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

33. leerlinge deur middel van die voorligtingsprogram bewus gemaak word van hulle gebruik van verdedigingsmeganismes en die nadele van die oormatige gebruik daarvan vir geestesgesondheid.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

34. die voorligtingsprogram voorsiening maak vir die vroegtydige uitkenning van leerlinge met emosionele en gedragsprobleme.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

35. leerlinge deur middel van die voorligtingsprogram gehelp en ondersteun word in die hantering van persoonlike terugslae.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

36. leerlinge deur middel van die voorligtingsprogram onder die indruk gebring word van die belangrikheid van persoonlikheidseienskappe soos selfdissipline, eerbied, bedagsaamheid, betroubaarheid, eerlikheid, opregtheid ensovoorts.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

37. die voorligtingsprogram aan leerlinge die geleentheid bied om insig te ontwikkel in hulle eie emosionaliteit of emosionele gedragspatrone.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

38. onderwyspersoneel deur middel van die voorligtingsprogram bewus gemaak word van leerlinge se emosionele gesteldheid sodat die nodige hulp en ondersteuning deur almal verleen kan word.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

39. die voorligtingsprogram, sover dit persoonlikheidsvoorligting betref, die geestesgesondheid van die leerlinge as hoogste doelwit stel.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

Om vas te stel in welke mate ouers voorgelig en bewus gemaak word van hulle bydrae met betrekking tot hulle kinders se gesonde persoonlikheidsontwikkeling, is die volgende vrae in die vraelys ingesluit:

Die mate waarin:

40. die voorligtingsprogram in u skool omvangryk en sensitief genoeg is om die opvoedingskwaliteit van 'n leerling se huis as primêre opvoedingsinstelling te evalueer ten einde tekortkominge agter te kom.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

41. voorsiening gemaak word vir skakeling tussen skoolpersoneel en ouers ten einde terapeutiese hulp te verleen in gevalle waar opvoedingsgebreke in die huis voorkom.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

42. voorsiening gemaak word vir voorligting aan ouers ter voorkoming van die ontwikkeling van emosionele en gedragsprobleme en die bydrae wat hulle kan lewer tot hulle kinders se gesonde persoonlikheidsontwikkeling.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

Die volgende items is in die vraelys ingesluit ten einde vas te stel in welke mate leerlinge deur middel van die voorligtingsprogram bewus gemaak word van die invloed wat hulle portuurgroep op hulle persoonlikheidsontwikkeling het:

Die mate waarin:

43. leerlinge deur middel van die voorligtingsprogram die geleentheid kry om die invloedsgroep waarvan hulle lid is te identifiseer en die invloed wat dit op hulle het ten opsigte van gedrag in akademiese, sport en ander geleenthede te bepaal.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

44. voorligting aan leerlinge gegee word om hulle met ongewenste invloedsgroepe te laat breek of om hulle te help om leiding te neem in die beïnvloeding van die lede van hulle invloedsgroepe.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|

### 5.4.2.4 TWEEDE REDAKSIE VAN DIE VRAELYS

Die vraelys is vervolgens met die promotor bespreek. Nadat sekere redaksionele wysigings op sy aanbevelings aangebring is, is die tweede redaksie opgestel.

Die tweede redaksie van die vraelys is vir 'n loodsondersoek aan departementshoofde vir opvoedkundige leiding in die Vaaldriehoek vir invul voorgelê.

Die doel van hierdie loodsondersoek was hoofsaaklik om onduidelike en dubbelsinnige items te identifiseer en uit te skakel. Daar moes ook vasgestel word of die verkreë data soos beplan, geanaliseer kon word.

Die tweede redaksie van die vraelys is weer met die promotor bespreek. Nadat enkele tegniese verstellings aangebring is, is dit aan die Buro vir Onderwysnavorsing van die Transvaalse Onderwysdepartement vir goedkeuring asook toestemming om dit aan departementshoofde vir opvoedkundige leiding aan sekondêre skole in Transvaal te stuur, voorgelê. Skriftelike toestemming is verkry om die vraelys te versprei.

### 5.4.2.5 ASPEKTE VAN DIE FINALE VRAELYS

i. BREë TEMAS WAT DEUR DIE VRAELYS GEDEK WORD

Die volgende sake word met behulp van die vraelys ondersoek:

* In welke mate die leerling deur middel van die voorligtingsprogram voorgelig en ondersteun word ten opsigte van sy
  - fisiese ontwikkeling (kyk vrae 1 tot 8);
  - sosiale ontwikkeling (kyk vrae 9 tot 19);
  - kognitiewe ontwikkeling (kyk vrae 20 tot 27);
  - emosionele ontwikkeling (kyk vrae 28 tot 39).

* In welke mate die ouers deur middel van die voorligtingsprogram voorgelig en bewus gemaak word van hulle bydrae met betrekking tot hulle kinders se gesonde persoonlikheidsontwikkeling (kyk vrae 40 tot 42).

* In welke mate die leerlinge deur middel van die voorligtingsprogram bewus gemaak word van die invloed van hulle portuurgroep op hulle persoonlikheidsontwikkeling (kyk vrae 43 tot 44).

* Algemene opmerkings, aanbevelings en wenke in verband met persoonlikheidsvoorligting in die sekondêre skool (kyk vraag 45).

ii. LENGTE VAN DIE VRAELYS

Daar is geprobeer om die vraelys so kort as moontlik saam te stel, maar terselfdertyd is daar gepoog om die verlangde inligting te bekom.

Die vraelys bestaan uit 45 items (kyk bylaag 3).

iii. ANONIMITEIT VAN DIE VRAELYS

Respondente is daarop attent gemaak dat die inligting wat met die vraelys bekom word, slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik sal word en dus streng vertroulik behandel sal word.

iv. VOORKOMS VAN DIE VRAELYS

Die volgende gegewens verskyn op die voorblad:

(i) Aan wie die vraelys gerig word.
(ii) Die doel van die ondersoek.
(iii) Die vertroulikheid van die inligting.
(iv) Aanwysings met betrekking tot die voltooiing van die vraelys.
(v) 'n Voorbeeld.

Die res van die vraelys, dit wil sê die spasiëring van die items, die blokkies vir beantwoording, die karakternommers vir die rekenaar, die tikwerk ensovoorts is gedoen volgens die kriteria van Cohen (1980: 85) en Borg et al., (1979:298).

5.4.2.6 BEGELEIDENDE BRIEF

In die begeleidende brief (Bylaag 1) is die doel van die vraelys ter aanvang omskryf, waarna aangedui is dat toestemming van die Direkteur van Onderwys ontvang is om die vraelys aan 'n aantal skole te stuur (Bylaag 2).
Die vertroulike hantering van die inligting is vervolgens hanteer. Die terugsendingsdatum is op 12 September 1988 gestel. Die vraelys is op 18 Augustus 1988 gepos.

5.4.2.7 TERUGONTVANGSTE

Na verstryking van die terugsendingsdatum is 83.7% (144 uit 'n totaal van 172) vraelyste terug ontvang. Gemeet aan die kriteria van Hopkins, is die persentasie terugontvangste baie goed (kyk par. 5.3.2.12) en die uitstuur van 'n opvolgbrief nie nodig geag nie. Nog twee vraelyste is 'n week na die terugsendingsdatum ontvang maar is nie in die rekenaarontleding ingesluit nie.
Die ontledings berus dus op die antwoorde van 144 respondente.

5.4.2.8 GEVOLGTREKKING

Daar is geantisipeer dat daar van sommige respondente geen reaksie sou wees nie. Moontlike verklarings hiervoor is die volgende:

- departementshoofde vir opvoedkundige leiding en voorligteronderwysers was nie bereid om samewerking te verleen nie;
- onderwysers was huiwerig om deel te neem aan 'n nie-departementele ondersoek;
- die versekering dat die inligting vertroulik behandel sou word, het nie almal oortuig nie;
- van die vraelyste het in die pos verlore geraak;
- onderwysers beantwoord uit beginsel nie nie-amptelike vraelyste nie;
- onderwysers het nagelaat om dit te voltooi.

### 5.4.2.9 VERWERKING VAN DIE VRAELYSANTWOORDE

Die Statistiese Konsultasiediens van die Vaaldriehoekkampus van die P U vir C H O was behulpsaam met die statistiese verwerkings. Frekwensies en persentasies is vir die vraelys bepaal met behulp van die SAS-rekenaarprogram. Hierdie program het reeds in 1972 vir die eerste keer die lig gesien en word dwarsdeur die wêreld steeds wyer gebruik. Die SAS-programpakket bestaan uit een program met verskillende subprogramme en instruksies. Voordat die betrokke subprogramme gebruik word, word die DATA-stap eers aangewend by die inlees, transformering, ordening, druk en stoor van die data.
Daarna volg die PROC-stap wat in hierdie navorsing bestaan het uit eenvoudige beskrywende statistiek, frekwensies en persentasies (De Wet et al., 1981:263-264; SAS-Institute, 1982).

## 5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die doel van die empiriese ondersoek eerstens gemotiveer. Daarna is die vraelys as empiriese navorsingsmetode bespreek.
Die keuse van die proefpersone is bespreek en daarna is die vraelys bespreek. Ten slotte is aandag aan die begeleidende brief, die terugontvangstes en die verwerking van die vraelysantwoorde gegee.

In hoofstuk 6 sal 'n ontleding en bespreking van die vraelysantwoorde aangebied word.